

## **Rights And Responsibilities Of Parents - A Guide To Public School Policy (Afrikaans)**

Die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996 vereis skoolbywoning deur alle kinders tussen die ouderdomme van 7 en 15 jaar. Alle ouers en voogde moet seker maak dat alle leerlinge van hierdie ouderdom geregistreer is vir skoolbywoning. As ouer begin u verhouding met die skool op die dag wat u besluit om u kind by 'n bepaalde skool te registreer. Hierdie verhouding word gedefinieer deur 'n stel regte en verantwoordelikhede teenoor die skool.

A. TOELATING VAN MY KIND TOT 'N SKOOL

B. SKOOLGELDE

C. BESTUUR

D. TAAL VAN ONDERRIG EN ONDERWYS

U HET DIE VOLGENDE VERANTWOORDELIKHEDE AS OUER

VIR VERDERE INLIGTING

TERUG NA DIE OPENINGSBLAD

### **Op watter ouderdom kan my kind vir skool geregistreer word?**

U kan slegs u kind vir Graad 1 registreer wanneer sy / hy sewe jaar oud is of die ouderdom van sewe sal bereik gedurende die eerste skooljaar. Waar en wanneer registreer ek my kind? U moet u kind by 'n skool naby u huis of werkplek registreer, tussen Augustus en November in die jaar voordat u kind begin skoolgaan.

### **Waar en wanneer registreer ek my kind?**

U moet u kind vir Graad 1 registreer wanneer sy/hy sewe jaar oud is of die ouderdom van sewe sal bereik gedurende die eerste skooljaar.

### **Kan ek my kind by enige skool registreer, selfs al is dit nie naby my huis of werkplek nie?**

Ja, u kan u kind by enige openbare skool registreer. Die meeste skole gee egter voorkeur aan kinders wie se ouers naby die skool bly of werk.

### **Wat moet ek weet voordat ek my kind registreer?**

Die hoof van die skool moet aan u die toelatingsbeleid van die skool verskaf en dit aan u verduidelik. U moet ook vra watter taal / tale van onderrig in die skool gebruik word en besluit of dit geskik is vir u kind. 'n Openbare skool mag geen toelatingstoets tot 'n skool toepas nie. 'n Toets mag slegs gebruik word om te besluit watter kursusse of programme u kind by die skool behoort te neem.

### **Watter dokumente word benodig wanneer 'n aansoek ingedien word?**

- Geboortesertifikaat; en
- Immunisasiëkaart; en
- Oorplatingskaart of laaste skool-rapportkaart vir leerlinge wat reeds voorheen 'n skool bygewoon het. (Let daarop dat doopbewyse nie as bewys van geboortedatum aanvaar sal word nie.)

### **Watter bykomende dokumente word vereis indien ek nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie?**

- Studiepermit; en
- Tydelike of permanente verblyfpermit van die Departement van Binnelandse Sake; of
- Bewys dat u aansoek gedoen het om toelating om in Suid-Afrika te woon.

### **Hoe weet ek dat my kind deur die skool aanvaar is?**

Die provinsiale Departement van Onderwys, by wyse van die skoolhoof, moet u van die uitslag van u aansoek in kennis stel.

### **Wat kan ek doen indien my kind toelating tot 'n skool geweier word?**

U kan deur middel van die skoolhoof 'n skriftelike verduideliking van die provinsiale departement aanvra. Indien u nie tevrede is met die redes wat verstrekk word nie, mag u skriftelik appèl aanteken by die LUR vir Onderwys in die provinsie.

### **Moet ek skoolgelde betaal?**

Die skool kan u versoek om skoolgelde te betaal. Indien u egter nie die vereiste bedrag kan bekostig nie, of 'n kleiner bedrag kan betaal, mag u 'n brief aan die skoolbestuursliggaam (SBL) rig en vrystelling van skoolgelde versoek. Die skoolbestuursliggaam sal u van sy besluit in kennis stel. 'n Afskrif van die regulasies wat op skoolgelde betrekking het is by die skool verkrygbaar. Die skool moet u ook bystaan indien u hulp met u aansoek om vrystelling benodig.

### **Hoe appelleer ek teen die besluit van die SBL?**

U kan appèl aanteken by die Hoof van die Departement in die provinsie. Hy / of sy sal die redes verduidelik indien u nie vrystelling toegestaan is nie. Indien daar besluit word dat u dit kan bekostig om die gelde te betaal, en u versuim om dit te doen, kan daar geregtelike stappe teen u geneem word om te verseker dat u enige uitstaande gelde betaal.

(Let daarop dat geen kind toelating tot 'n skool geweier mag word as gevolg van die ouers se onvermoë om skoolgelde te betaal nie. Die skool mag ook nie u kind se uitslae weerhou of haar / hom van enige opvoedkundige aktiwiteite uitsluit indien u dit nie kan bekostig om skoolgelde te betaal nie.)

### **Wat is 'n skoolbestuursliggaam?**

'n Skoolbestuursliggaam is 'n struktuur wat die skool bestuur. Dit beklee 'n vertrouensposisie met betrekking tot die skool. Dit bestaan uit die hoof, gekose verteenwoordigers van opvoeders, nie-akademiese personeel, ouers, asook leerlinge in die geval van sekondêre skole.

### **Hoe word ek verkies om ander ouers op die bestuursliggaam te verteenwoordig?**

U kan ander ouers op 'n bestuursliggaam verteenwoordig indien u genomineer word en die ouers vir u stem.

### **Hoe kom ek van die verkiesingsproses te hore?**

Die skoolhoof word deur die wet verplig om alle ouers van inligting te voorsien rakende die verkiesing van ouers tot die bestuursliggaam.

### **Wat gebeur indien ek nie tot die skoolbestuursliggaam verkies word nie?**

Al word u nie tot die skoolbestuursliggaam verkies nie, beskik u steeds oor die REG om by skoolaangeleenthede betrokke te wees deur ouervergaderings by te woon. U beskik ook oor die REG om deur die opvoeders of die hoof geraadpleeg te word aangaande die skoolaktiwiteite van u kind. Die hoof en die opvoeders van die skool moet u betyds in kennis stel aangaande die gedrag, bywoning en akademiese vordering van u kind.

### **Wie neem besluite met betrekking tot skoolaangeleenthede?**

Die Hoof van die Departement, deur middel van die hoof, neem al die besluite aangaande onderrig in die skool. Die bestuursliggaam is verantwoordelik vir besluite aangaande befondsing, dissipline van leerlinge en die bestuur van die skool.

### **Waar kan ek teen 'n besluit of optrede beswaar aanteken?**

U kan beswaar aanteken teen 'n besluit of optrede van:

- 'n opvoeder by die hoof;
- 'n hoof by die Hoof van Onderwys in die provinsie;
- 'n verteenwoordigende raad van leerlinge by die skoolbestuursliggaam; en
- 'n skoolbestuursliggaam by die LUR of Hoof van die Departement.

### **Wat sê die Taal-in-Onderwysbeleid?**

Die Departement se Taal-in-Onderwysbeleid moedig leerlinge aan om meer as een taal aan te leer. Dit moedig hulle ook aan om die taal wat hulle die beste verstaan as taal van onderrig en onderwys te gebruik en om hierdie taal deurgaans te handhaaf terwyl hulle ander tale as vakke aanleer of ander tale as tale van onderrig byvoeg.

### **Sal my kind nie benadeel word deur in 'n ander taal, behalwe Engels, onderrig te word nie?**

Onderrig in die huistaal tydens die eerste formele skooljare verseker 'n stewige grondslag vir toekomstige onderrig, asook vir die aanleer van nuwe / ander tale.

### **Wie besluit oor die tale van onderrig en onderwys?**

Die skoolbestuursliggaam moet besluit oor die taal van onderrig en onderwys wat in 'n skool gebruik word. Die taal wat gebruik word kan afhang van die voorkeure van die meerderheid leerlinge in die skool en van die vermoë van die skool om in die taal van voorkeur onderrig te verskaf. Daarbenewens moet die skoolbestuursliggaam aandui hoe hy veeltaligheid in die skool sal bevorder.

### **Het my kind enige keuse betreffende die taal van onderrig en onderwys in 'n skool?**

Ja. Elke leerling moet tydens registrasie by 'n skool die taal van voorkeur vir onderrig en onderwys aandui. Enige van ons elf tale kan as die taal van onderrig en onderwys in 'n openbare skool aangedui word.

### **Wat gebeur indien die skool nie my keuse aanbied nie?**

Indien daar 40 versoeke per Grade 1 tot 6, of 35 per Grade 7 tot 12 is vir onderrig in 'n taal wat nie reeds deur die skool aangebied word nie, moet die provinsiale departement 'n manier vind om aan u behoefte te voldoen.

### **Wat is my verantwoordelikhede as ouer met betrekking tot die betaling van skoolgelde?**

Skole het die reg om skoolgelde te vra om die fondse wat deur die Departement van Onderwys beskikbaar gestel word aan te vul. As ouer is u daarvoor verantwoordelik om u kind se skoolgelde te betaal. Indien u nie 'n gedeelte of die hele bedrag kan bekostig nie, moet u so gou doenlik by die skoolbestuursliggaam om vrystelling aansoek doen. Die skoolbestuursliggaam sal u aansoek oorweeg en u van sy besluit in kennis stel. Let daarop dat indien u nie van betaling vrygestel is nie en daar besluit is dat u dit kan bekostig om skoolgelde te betaal en u versuim om dit te doen, geregtelike stappe teen u geneem kan word om te verseker dat u enige uitstaande bedrag betaal.

### **Hoe kan ek tot die ontwikkeling van die skool bydra?**

Die Suid-Afrikaanse Skolewet dra die verantwoordelikheid aan die skoolbestuursliggaam op om die ontwikkeling van die skool na te streef. Daar is verskeie metodes waarop die skoolbeheerliggaam dit kan doen. Een van die metodes is om ouers, leerlinge, opvoeders en ander personeel aan te moedig om vrywillige dienste aan die skool te verleen.

As ouer het u die verantwoordelikheid om tot die ontwikkeling van die skool by te dra deur dienste aan die skool te lewer. Dit kan insluit om uself beskikbaar te stel om aan die werksaamhede van die skool deel te neem, soos byvoorbeeld die instandhouding van skooltuin, ouditering van finansiële state, die bestuur van sportgeleenthede, ens.

### **Watter rol kan ek vervul om die leerproses van my kind te ondersteun?**

U kind is onder die toesig van skoolpersoneel wanneer sy / hy by die skool is. Die skoolpersoneel kan hulle onderrigverantwoordelikhede suksesvol uitvoer indien hulle ondersteuning van die ouers ontvang.

As ouer het u die verantwoordelikheid om:

- met die dissipline van u kind behulpsaam te wees;
- u kind se akademiese vordering te monitor;
- te verseker dat sy / hy haar / sy huiswerk voltooi; • te verseker dat sy / hy skool bywoon;
- met die skoolpersoneel te skakel.

### **Hoe kan ek op die hoogte bly van ontwikkelinge by die skool?**

Ouers van leerlinge moet die verantwoordelikheid neem om skoolvergaderings wat vir hulle gereël word by te woon. Die skoolbestuursliggaam is wetlik daartoe verplig om van tyd tot tyd aan die ouers van leerlinge in die skool verslag te doen en moet ouers op die hoogte hou van kwessies wat hulle beïnvloed. (Let daarop dat u die reg het om enige bykomende inligting waarby u belang het van die SBL en die skoolhoof aan te vra.)

Skakel asseblief met enige van die volgende provinsiale Departemente van Onderwys by die volgende nommers:

Oos-Kaap  
Tel. (040) 608-4200/212

Vrystaat  
Tel. (051) 404-8428/9

Noord-Kaap  
Tel. (053) 839-6500

Wes-Kaap  
Tel. (021) 403-6911/6236/7

KwaZulu/Natal  
Tel. (035) 874-3411/3592 (031) 327-0331

Gauteng  
Tel. (011) 355-0000

Mpumalanga  
Tel. (013) 249-7633 (013) 243-1567

Noordelike Provinsie  
Tel. (015) 297-0895

Noordwes  
Tel. (018) 387-3428/9

Gepubliseer deur die Hoofdirekoraat: Menslike Hupbronne-ontwikkeling, Geslagsbillikheid en Skoolveiligheid, Departement van Onderwys, Sol Plaatje-huis, Schoemanstraat 123, Pretoria.